# BAAN DIE WEG VIR MYCITI

**In Augustus 2022 begin padwerke in Govan Mbeki-weg in die omgewing van Hanover Park, Philippi en Wetton ter voorbereiding vir die volgende fase van die MyCiTi-busdiens.**

Fase 2A van MyCiTi sal lank verwagte, veilige en direkte openbare vervoer van hoë gehalte bied aan meer as 30 gemeenskappe in een van die stad se besigste vervoerkorridors, van Khayelitsha en Mitchells Plain na Wynberg en Claremont.

Hoofroetedienste sal eksklusiewe busbane in Govan Mbeki-weg gebruik met stasies langs die pad om toegang tot dienste te verkry en om van een roete na 'n ander oor te klim.

Dit beteken korter reistyd vir pendelaars en nuwe maniere om by die werk, winkels en ontspanningsplekke te kom.

Fase 2A sal ook voorstede ophef en tot voordeel wees van inwoners, besighede en alle padgebruikers deur middel van terreinverfraaiing, die opgradering van paaie en kruisings wat verkeersdruk sal verlig, asook beter, veiliger fasiliteite vir voetgangers en fietsryers. Saam sal hierdie verbeteringe die plaaslike ekonomie aanspoor deur werk te skep, ontwikkeling te bevorder en nuwe sakegeleenthede te lok.

Die Stad Kaapstad het die hoofroete en stasieliggings goedgekeur ná openbare skakeling in 2015. Fase 2A sal nog 'n paar jaar neem voor dit afgehandel is, maar padwerke begin binnekort in Govan Mbeki-weg tussen Jan Smuts-rylaan en Otteryweg.



*Fase 2A van MyCiTi-dienste sal nuwe maniere skep om by die werk, skool en ontspanningsplekke te kom.*

## Bou 'n beter Kaapstad

- Hoofroetedienste in eksklusiewe bane om reistyd aansienlik te verkort
- Oop en toe stasies in die middel van die pad om tussen roetes oor te klim
- Direkte dienste vanaf gemeenskappe na gewilde eindpunte via hoofroetes
- Plaaslike gebiedsroetes bedryf in vennootskap met bestaande openbarevervoeroperateurs
- Universele toegang vir spesiale behoeftes soos stootwaentjies, rolstoele en fietse
- Breër sypaadjies en beter straatbeligting vir veiliger stap en fietsry
- Maklike aansluitings by ander openbare vervoer
- Padopgradering en terreinverfraaiing om gebiede op te hef en ontwikkeling te lok
- Werkskepping tydens padwerke en wanneer die diens in bedryf gestel word

***Kyk na die bouplanne en wat dit vir jou beteken.***

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.





## Paaie wat deur padwerke geraak word

- Govan Mbeki-weg van Heinz-/Otteryweg tot by Ou Strandfontein-/Lansdowneweg
- Gedeelte van Strandfonteinweg en Jan Smuts-rylaan naby die kruising met Govan Mbeki-weg
- Gedeelte van Hanover Park-laan en Springfieldstraat naby die kruising met Govan Mbeki-weg

# WAT WORD VIR HIERDIE GEBIED BEPLAN

Padwerke begin in Augustus 2022 in Govan Mbeki-weg in Hanover Park, Philippi en Wetton.
Volgens beplanning sal die opgradering van paaie en kruisings, die bou van busbane en -stasies en die opgradering van sypaadjies en straatbeligting vir fietsry en stap ongeveer vier jaar duur.



'n Treffende, verhewe verkeersirkel sal by die kruising tussen Govan Mbeki-weg en Jan Smuts-rylaan gebou word waar verskeie MyCiTi-roetes bymekaarkom. Die "lugsirkel" is die eerste van sy soort en is ontwerp om ononderbroke busritte oor die kruising te verseker sonder om die verkeer onder die sirkel te vertraag.

## Beplande padwerke

- Opgradering van 'n 2,25 km-gedeelte van Govan Mbeki-weg, wat eksklusiewe MyCiTi-bane insluit
- Opgradering van 'n 700 m-gedeelte van Jan Smuts-rylaan aan albei kante van Govan Mbeki-weg
- Opgradering van 'n 840 m-gedeelte van Hanover Park-laan
- Oprigting van Hanover Park-MyCiTi-stasie
- Bou van 'n verhewe verkeersirkel by die kruising tussen Govan Mbeki-weg en Jan Smuts-rylaan
- Verbreding van die tonnel in Govan Mbeki-weg oor die Lotusrivierkanaal
- Niegemotoriseerde vervoerinfrastruktuur
- Padtekens, straatbeligting, elektrisiteit, terreinverfraaiing, dreinering, tegnologie-infrastruktuur, omhulsels en padmerking

# HOE SAL DIE PADWERKE JOU RAAK

Die werk sal in fases gedoen word en by die kruising tussen Govan Mbeki-weg en Jan Smuts-rylaan begin.

Verkeer sal tydens die padwerke deur middel van tydelike ompaaie en staproetes vir voetgangers gereël word. Daar sal toegang na eiendomme en besighede wees en die werk sal geskeduleer word om die impak op voetgangers te beperk.

Alhoewel daar gepoog sal word om die ontwrigting tot die minimum te beperk, sal die werk hoër verkeersdruk veroorsaak. Padgebruikers word aangeraai om openbare vervoer, gedeelde ritte en saamrygeleenthede te oorweeg of om waar moontlik nie in besige spitstye te reis nie.

Die Stad besef die ongerief en vra dat almal wat geraak word geduldig sal bly, want die eindresultaat is beter openbare vervoer, gladder verkeersvloei, beter stap- en fietsryfasiliteite, en 'n investering in die omliggende gebiede tot voordeel van toekomstige geslagte.

Teken aan om meer inligting te kry – sien die agterblad vir die besonderhede.



*Die werk sal in fases plaasvind en verkeer sal te alle tye voortgaan, maar verkeersdruk word verwag.*

## Werksgeleenthede

Plaaslike arbeid sal vir die padwerke gebruik word met beskikbare vaardigheidsoordrag en opleiding deur middel van leerderskappe. Plaaslike subkontrakteurs sal ook die geleentheid gebied word om goedere en dienste te verskaf. Belangstellendes moet op die subraad se databasis registreer.

# FASE 2A: 'N NUWE HOOFSTUK IN DIE MYCITI-VERHAAL

MyCiTi is in 2010 begin as deel van die Stad se verbintenis tot openbare vervoer tot voordeel van inwoners en die plaaslike ekonomie vir toekomstige geslagte.

Deur die voorsiening van openbare vervoer van gehalte wat aansluit by treine, taxi's en fietsry- en staproetes, skep MyCiTi geleenthede om veilig, bekostigbaar en gerieflik te werk, leef en te ontspan. Dit help ook om verkeersdruk te verlig, die ekonomie te laat groei en werk te skep.

Duisende passasiers baat reeds daagliks by MyCiTi se dienste in Atlantis, Melkbosstrand, Table View, Century City, Milnerton, die middestad en stadskom, Seepunt, Kampsbaai en Houtbaai.

Die volgende groot stap is fase 2A wat die uitbreiding van die dienste na die suidoostelike metro behels.

Fase 2A bou voort op lesse wat geleer is en baie meer passasiers van gebiede soos Mitchells Plain, Lentegeur, Khayelitsha, Nolungile, Gugulethu, Crossroads, Manenberg, Hanover Park, Philippi, Nyanga, Ottery, Strandfontein, Claremont, Wynberg, Constantia en Houtbaai sal daarby baat.

Die konstruksiewerk vir die projek word grootliks deur die nasionale regering befonds.




*Maklike toegang vir rolstoele, stootwaentjies en fietse.*




*Eksklusiewe bane verminder reistyd.*




*Nuwe sypaadjies en straatligte maak dit veiliger.*

## Teken aan vir verdere inligting

Inwoners, besighede en padgebruikers wat hierdeur geraak word, word aangeraai om aan te teken vir inligting oor die padwerke en hoe dit jou sal raak. Om aan te teken, skandeer die QR-kode hieronder of besoek ons webwerf by www.myciti.org.za/phase2a